


Net soos Mandela, het Gandhi as prokureur gekwalifiseer en gepraktiseer.

Van 1893 tot 1914 het hy vir 'n Indiese maatskappy in Suid-Afrika gewerk. Destyds was die Britte aan bewind in Indië en in Suid-Afrika. Gandhi het vinnig uitgevind dat sy regte nie in Suid-Afrika gerespekteer word nie, en dat witmense Indiërs wreed en as ongelykes behandel. Hy het 21 jaar lank in Suid-Afrika gewoon. In dié tyd het hy protesveldtogte gelei, hard gewerk en vir geregtigheid geveg om seker te maak dat Indiërs billik behandel word en gelyke regte geniet.

Terwyl hy in Suid-Afrika gewoon het, het Gandhi 'n nuwe manier ontwikkel om op rassediskriminasie en onbillike behandeling te reageer. Hy het dit *Satyagraha* genoem, wat "standvastigheid in waarheid" beteken. *Satyagraha* het mense aangemoedig om te glo dat geweldlose protes teen die regering die beste manier was om hul politieke en sosiale doelwitte te bereik. Die soort aksie wat hy georganiseer het, het optogte, sitstakings en vreedsame betogings ingesluit. Sommige van sy protesaksies het mense aangemoedig om nie produkte wat in Brittanje gemaak is, te koop nie.

Gandhi het ook gevas (geweier om te eet) wanneer hy druk op die regering wou uitoefen om van plan te verander oor dinge wat onbillik of verkeerd was.